(a) indien in die onteieningskennisgewing vergoeding vir die goed aangebied is, of hy daardie vergoeding aanneem of nie, en, indien hy dit nie aanneem nie, wat die bedrag is wat hy as vergoeding eis en hoeveel van daardie bedrag elk van die onderskeie bedrae beoog in artikel 12(1)(a)(i) en (ii) of (b) verteenwoordig en volledige besonderhede betreffende die samestelling van daardie bedrae;

(b) indien geen sodanige vergoeding aldus aangebied is nie, wat die bedrag is wat hy as vergoeding eis en hoeveel van daardie bedrag elk van die onderskeie bedrae beoog in artikel 12(1)(a)(i) en (ii) of (b) verteenwoordig en volledige besonderhede betreffende die samestelling van daardie bedrae;

(c) indien die goed wat onteien word, grond is, en 'n bedrag ingevolge paragraaf (a) of (b) geëis word, volledige besonderhede van alle verbeteringe daarop wat, na die oordeel van die eienaar, die waarde van dié grond raak;

(d) indien die goed wat onteien word, grond is –

(i) wat voor die kennisgewingsdatum in sy geheel of vir 'n deel verhuur is by wyse van 'n ongeregistreerde huurkontrak, die naam en adres van die huurder, vergesel van die huurkontrak of 'n gewaarmerkte afskrif daarvan, indien die kontrak op skrif is, of volledige besonderhede van die kontrak, indien dit nie op skrif is nie;